## OOR BOEKE

**Van der Walt B.J. 1981. Die vierde weg; Sestiende-eeuse modelle vir die Christen se betrokkenheid in die wêreld.** Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H. Inougurele redes, nommer 84, 47 p. (Rede uitgespreek by die aanvaarding van die amp as Hoogleraar in die Departement Filosofie aan die PU vir CHO, 14 November 1980.)

By die lees van hierdie inougurele rede kan mens nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat 'n inougurele rede nie altyd saai, ingewikkeld en onverstaanbaar hoef te wees nie. Op 'n eenvoudige en helder manier, deurspek met humoristiese opmerkings, het prof. Van der Walt dit by die aanvaarding van die hoogleraarsamp in Filosofie van die PU vir CHO oor: *Die vierde weg: sestiende-eeuse modelle vir die Christen se betrokkenheid in die wêreld.* Wie sou nou ooit kon dink dat so 'n rede teen die Televisiereeks *High chaperal* sou wen om 'n Vrydagaand om te kry (p. 28). Dit wys mens net wat die Christelike Wysbegeerte alles kan regkry.

Die basiese tema van die rede gaan oor *die betrokkenheid van 'n Christen in die wêreld,* en die aanleiding tot hierdie tema vind prof. Van der Walt in die Skrif en wel in Johannes 17 en Romeine 12. Uit Joh. 17 onderskei hy verskillende moontlikhede vir die Christen se betrokkenheid, t.w.:

* *in* die wêreld maar *nie van* die wêreld nie;
* nie *onttrekking* aan die wêreld deur gelowiges nie maar *ook nie intrekking* in die wêreld nie;
* *nie wêreldvermyding* of *wêreldaanvaarding nie* maar *wêreldwyding.*

Met dit in gedagte meen prof. Van der Walt dat hy vier modelle kan onderskei, wat elkeen op 'n eie wyse gestalte wil gee aan die gemelde Skrifwaarhede. Die vier modelle wat hy behandel, is:

* die Christen bo die wêreld,
* die Christen teen die wêreld,
* die Christen langs die wêreld,
* die Christen in die wêreld.

Die skrywer ontken nie die moontlikheid dat daar dalk ook ander modelle kan wees nie, want "... die werklikheid (is) altyd veel ryker en gekompliseerd as die reduksie daarvan tot 'n abstrakte model".

Sy volgende stap is om die bogenoemde modelle te verduidelik na

aanleiding van die *verhouding tussen kerk en staat* in die sestiende eeu. Hy het ten doel om met die analise die voor die hand liggende keuse aan te toon.

Die standpunte insake die verhouding tussen kerk en staat is dié van die Rooms-Katolisisme, die Anabaptisme, die Lutheranisme en die Calvinisme. Uiteindelik kies Van der Walt self vir die Calvinistiese model, omdat hy meen dat dit die vierde model is wat die naaste aan Christus se gebed kom dat sy navolgers wel in die wêreld maar nie van die wêreld moet wees nie. Volgens Van der Walt het Calvyn daarin geslaag om baie meer in die wêreld te staan en terselfdertyd minder van die wêreld te wees as enigeen van sy tydgenote. Die geheim waarom Calvyn dit kon regkry, was nie sy onversetlike wil en briljante verstand nie maar die feit dat hy die sleutel tot Christus se bede in Johannes 17 ontdek het: die Heilige Skrif!

Daarna word die lyne deurgetrek van Genève na Potchefstroom in 'n poging om die vierde denkweg verder uit te bou, te proklameer en te konkretiseer, veral dan in die Departement van Filosofie en die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme.

Hierdie rede bied baie waardevolle en interessante insigte wat beslis nuttig gebruik kan word. Op p.4 poneer prof. Van der Walt die stelling dat daar nie meer van die "Donker Middeleeue" gepraat moet word nie, aangesien nie alleen 'n Christelike kerk nie maar ook 'n Christelike staat en samelewing, 'n *corpus Christianum,* juis in daardie tyd bewerkstellig is. Die begrip "Donker Middeleeue" het inderdaad sy oorsprong in 'n bepaalde geskiedbeskouing, en vanuit 'n Christelike geskiedbeskouing sou mens beslis nie van daardie hoogs interessante tyd as "donker" wou praat nie.

Die bewering op p.17 dat die geestelike ryk en die kerk vir Calvyn nie heeltemal saamgeval het nie, terwyl Luther tog sterk geneig het om die koninkryk van God met die kerk te vereenselwig, is ook verhelderend. Dit is inderdaad 'n gevaar wat ook in Suid-Afrika wesenlik is dat die gesag van Gods Woord beperk kan word tot die kerk en die dinge wat ten nouste by die kerk betrokke is. Die vrug van Skrifgehoorsaamheid moet juis oor die hele linie van die lewe gedra word.

Ten spyte daarvan dat die rede in 'n redelike eenvoudige taal geskryf is en deurentyd die leser (en die hoorders) betrek, is die struktuur daarvan tog nie so eenvoudig nie. Dit begin met Christus se gebed in Johannes 17; daarna word die gebed dan as't ware in drie trefwoorde as moontlikhede vir die Christen se betrokkenheid in die wêreld saamgevat, t.w.: *wêreldvermyding,*

*wêreldaanvaarding* en *wêreldwyding*. In 'n verkenningstog deur die sestiende eeu word weer vier moontlike antwoorde onderskei, en hulle word weer tot vier modelle herlei, t.w.: Christen bo die wêreld, Christen teen die wêreld, Christen langs die wêreld en Christen in die wêreld. Mens vra jou af of dit nog konsekwent verband hou met Christus se gebed waarmee begin is. Wanneer die vier modelle na aanleiding van die verhouding tussen kerk en staat geanaliseer word, word die tweeterreineleer ook weer telkens as figurant ingebring. Dit alles verleen inderdaad 'n ingewikkelde konstruksie aan die rede.

'n Ander probleem wat ek het, is dat die sestiende eeu vanuit die vier modelle benader word, weliswaar met die bedoeling om by die diepste religieuse grondmotiewe wat hulle motiveer, uit te kom. Ek het nie fout te vind daarmee dat die religieuse grondmotiewe as motivering vir die modelle gesoek word nie — daarom verwelkom ek ook die oproep tot dieper gaande bestudering van onder anderde die 16de eeu. My vraag is net of hierdie vier modelle werklik konsekwent uit die sestiende eeu afgelei kan word, en sal die betrokke modelle op elke punt van die rede toegee dat dit 'n korrekte tekening van hulle is. Ek dink hierdie vraag onderstreep net die noodsaaklikheid vir nog dieper navorsing.

My kritiese opmerkings ten spyt — hulle is per slot van rekening goed bedoel — het ek groot genot gehad in die lees van hierdie rede, en ek wil graag vir prof. Van der Walt 'n lang en geseënde skof as hoogleraar in die Departement Filosofie aan die PU vir CHO toebid.

*P. Coertzen*

**VENSTER op die huwelik; openhartige vrae oor seksualiteit en die liefde. 1982.** Reeks F3: Versamelwerke, nr. 16. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys: Instituut vir Reformatoriese Studies. 268p. R7.00.

Hierdie boek handel nie in die eerste plek oor 'n wetenskaplike en prinsipiële ontleding en regverdiging van en vir die huwelik as sodanig nie. Dit gaan hier eerder om praktiese vraagstukke en alledaagse verskynsels in en rondom die huwelik.

In 43 kort hoofstukkies behandel bykans 40 verskillende skrywers, as kenners van die huweliksproblematiek vanuit verskillende vakgebiede, 'n wye verskeidenheid van temas. Die bydraes is onder drie kategorieë ingedeel, naamlik: voor die huwelik, in die huwelik en huweliksverryking; met ook 'n Voorwoord waarin die Bybelse waarhede oor seksualiteit en die huwelik prinsipieel behandel word.

Inhoudelik dek die werk die meeste belangrike vraagstukke met betrekking tot die huwelik vanuit 'n Christelike perspektief, met soms deeglike Bybelse verantwoording en antwoorde. Aangeleenthede soos die keuse van 'n huweliksmaat, verlowing, saamwoon voor die huwelik, seks in die huwelik, huweliksontrou, huweliksontbinding, egskeidingswetgewing, finansiële aspekte, diensplig en die huwelik, geboorteregeling, rolvervulling in die huwelik en huweliksverryking word nie noodwendig feitelik ontleed nie maar met God se Woord as uitgangspunt geëvalueer.

Hierdie boek kan beskou word as besonder geskik vir alle verliefdes, verloofdes en getroudes. Eweso kan ouers, onderwysers, predikante en huweliksraadgewers dit as handleiding gebruik vir die beantwoording van praktiese vrae by die jeug, om sodoende die ewige Bybelse waarhede met betrekking tot die huwelik en dit wat daarmee verband hou, opnuut bekend te stel en in te skerp.

*C.W. Bester*

## Oor boeke

**Minnaar Lucia C. Wêreld en waarde: Magersfontein, o Magersfontein in oënskou.** Potchefstroom: Sentrale Publikasie-afdeling, Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 150 p.

Oor Etienne Leroux word veel navorsing gedoen en veel gepubliseer. Lucia Minnaar se Leroux-studie is 'n uiters welkome toevoeging. Die besondere waarde van haar werk is eerstens geleë in die *Christelike estetika* wat sy aanlê. Andersyds bied sy 'n uitmuntende *analise* van "Magersfontein." "Magersfontein" is 'n werk waarin die verteller hom tot 'n super-ingeligte leser rig. Laasgenoemde moet detailkennis besit van Kierkegaard, Sartre, Jung, Dostoevski, Kafka, Koestler, Samuel Beckett ens., en hy moet 'n literatuurwetenskaplike by uitnemendheid wees. In die lig hiervan is die naïewe reaksies wat op die boek gevolg het, o.a. van die kant van kerkmanne en politici, pateties. Soveel onaangenaamheid in die hele Magersfontein-sensuurdebakel kon deur 'n werk soos *Wêreld en waarde* voorkom gewees het.

*Wêreld en waarde* bestaan uit vier hoofstukke. In die eerste word die historiese stof in "Magersfontein" ontleed en bepaal op watter wyse die stof in die boek benut is. Die tweede hoofstuk bied 'n breë bespreking van Leroux se Van Wyk Louw-gedenklesing en gaan in die lig hiervan in op verskeie struktuurelemente van die boek soos collage, romantiek, mite, nar, geskiedenis, spoke, grafte, chaos en evalueer die integrasie van hierdie elemente in die roman. Die derde hoofstuk ontleed die verhaal- en lesersverhouding en gaan in op die belangrike vraag van die lewensbeskouing. Dit bied ook ontledings van ironie, satire en die absurde in die roman. Veral die evaluering in hierdie hoofstuk is van belang. In die laaste hoofstuk word die literêre kritiek in oënskou geneem en word sekere heilige koeie getakel. Die belangrikste vrae in die literêre kritiek: die outonomie van die kunswerk, die lewensbeskouing in die kunswerk en die lewensbeskouing van die leser, word in oënskou geneem. Dis dan ook in die vierde hoofstuk dat Lucia Minnaar op die voetspoor van Seerveld 'n Christelike estetika aansny en riglyne vir 'n Christelike literatuurbeskouing bied.

*Wêreld en waarde* wil aantoon dat neutrale literêre kritiek nie bestaan nie en dat 'n christelike, normatiewe kritiek niks aan wetenskaplikheid hoef in te boet nie. Die werk ontvou "Magersfontein" aan die leser as een van die mees diggeweefde en betekenisryke werke in Afrikaans. Om die waarheid te sê, die leser vind die betekenisdigtheid soms verbysterend.

Die skryfster wy veel stof aan Leroux se idee van die *nuwe mite* (27), in lyn met die Jungiaanse argetipes. Sy verwys na Leroux se belangrike opmerking in

die genoemde lesing "My grootste vrees is dat in 'n nuwe, strak winterwêreld, die Wit Nar van Neo-Marx, Neo-Mao, die toonbeeld sal word van 'n komende semi-mite; en dat die voorspelling uit die Ooste bewaarheid sal word dat die Westerse genie sal doodloop binne die kringe van onbeperkte indiwiduele vryheid" (aangehaal, p.33).

Volgens haar is "Magersfontein" 'n verkenning waarin die groot leemte in die lewe van die moderne mens blootgelê word: die verlies aan geloof in 'n lewende mite. Per implikasie is dit natuurlik die Christelike geloof wat uitgedien geraak het (77).

Meesal word die oningeligte leser in die beoordeling van moderne kunswerke deur 'n *etiese* motief gelei. Die verband tussen die etiese en die estetiese in "Magersfontein" is 'n ontsaglike ingewikkelde probleem. Magersfontein bied 'n wêreldbeeld wat normloos en sinloos is, waarin die onderskeid tussen goed en kwaad nie bestaan nie, "waar die kwaad en die sinloosheid die enigste werklikheid in die boek is" (81). Onder andere word die vulgêre oordaad struktureel gebruik in die oppervlakteverhaal, waar hy satiries besig is met die maatskappy waarteen die werk fulmineer (30, 76). Die probleem word verder geïntensiveer deur die feit dat Leroux se voorhamertegnieke die leser se afkeer in die werk self oproep (78). Uiteindelik is daar later niks in die wêreldbeeld van "Magersfontein" waarteen die skokkende gemeet kan word nie (81). In wese het mens dit hier te doen met 'n negatiewe lewensbeskouing. Dit bied wel 'n negatiewe, implisiete oordeel oor die kwaad (84); wat ontbreek, is 'n metafisiese eenheidsvisie op mens en wêreld, iets waarom Leroux vra as hy die nuwe mite vooruitsien.

Daarom verklaar die skryfster: "As die leser klaar geglimlag, gelag en geskater het, sy eie wêreld in *Magersfontein* herken het, die struktuur en tegniek, die virtuositeit in die afwisselende toonaarde bewonder het, deur die godslastering geskok is en hom aan die onfatsoenlikhede geërger het, dan het hy niks meer oorgehou wat hom in sy diepste wese aangegryp het nie, só aangegryp het soos groot literatuur dit doen nie" (85).

Hierdie oordeel hang natuurlik saam met die lewensbeskouing van die *Christen* wetenskaplike leser. Die Christen se verset geld immers die valse godsdiensbeskouing van Jung wat hier gehanteer word, die psigologistiese interpretasie van mens en wêreld in terme an argetipes (95). Veral is dit gerig teen die individualisasieproses waarin *self* en *God* behoort te versmelt. Die psigologistiese mite kan nooit die oorsprong van die mens en sy wêreld

wees nie; dit groei immers uit die onbewuste van die méns.

Lucia Minnaar slaag daarin om die klem te verskuif van 'n oppervlakkige eties-godsdienstige beoordeling van "Magersfontein" na die dieptedimensie en dui eksplisiet aan dat ook in Leroux se werk daar 'n binne-estetiese etiek gebied word deur die twee "oorstromings" van die verhaal: die vloedramp in die oppervlakverhaal en die oorstroming van die onbewuste (94).

Sy sê op 'n plek: "Vanuit 'n geïntegreerde perspektief kan dié roman ook nie groot kuns wees nie: wat religieus onwaar is, is esteties oneg" (95). Hierdie oordeel deel ek nie.

Tereg wys sy daarop dat daar in "Magersfontein" 'n metafisiese grondslag is en dat die Afrikaanse kritiek eg positivisties versuim het om oor die kern van die boek uitspraak te lewer (100). Die nuwe Franse Kritiek (Roland Barthes) konstateer dat dit nie 'n sonde is om 'n ideologie te hê nie maar om daaroor te swyg.

Dit gaan in die literêre kritiek dus nie om die veroordeling van 'n lewensbeskouing nie maar om die verrekening daarvan. Leroux kan nie sonder sy esteties geïntegreerde Jungiaanse opvattings "geanaliseer" word nie.

Lucia Minnaar raadpleeg in haar werk al die toonaangewende literatuurwetenskaplikes soos Lotman, Doubrovsky, Price e.a. Ook verwys sy uitvoerig na Afrikaanse letterkundiges soos Van Wyk Louw, Dekker, Van der Walt, Steenberg, Grové, Du Plessis ens.

Aan die einde van die werk gee Lucia Minnaar dan 'n ontleding van 'n kunskritiek gebaseer op die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. In wese kom dit op die estetika van Calvin Seerveld neer. Ook sy sluit aan by die ietwat bedenklike interpretasie van Seerveld van Dooyeweerd se enkele opmerkings oor net twee van die analogieë van die estetiese modaliteit. Sekerlik is dit te veel gevra dat mens sal aanvaar dat Dooyeweerd na soveel uitvoerige analises van die analogieë van ander modaliteite in *A new critique III* net twee sal kan formuleer met verwysing na die Griekse estetika en dat hy op grond daarvan dan in 'n sekere sin niks meer as 'n Neo-Klassisis sou wees nie. Van die sinkern van "suggestie" loop Seerveld baie draaie, lê hy onder vele andere ook klem op die *speelse* en *koherensie*. Dit bly dus vir my 'n vraag of mens kan volstaan met 'n interpretasie van Seerveld se estetika as sou die kuns met simboliese objektivering van sekere betekenisinhoude te

doen hê. Toegegee dat mens sinkerne nie kan definieer nie en dus tot op groot hoogte op intuïtiewe wesenspeiling aangewese is, vra mens nog altyd: Kan toespelingsrykheid werklik die wese van die kuns uitmaak?

Voorts vind ek dit jammer dat die estetika nie aan die begin van die werk behandel is en dus as (nog meer) geïntegreerde deel van die analise van "Magersfontein" kon diens doen nie. Andersyds begryp ek egter wel dat hierdie werk erns wil maak met in die eerste plek die gangbare literatuurkritiek.

Die leser word aangeraai om die skitterende samevatting van wat kuns nié is nie en wél is, op p. 144-145 te lees voordat die werk self aan die beurt kom.

Nog eens: die boek is 'n groot diens aan belangstellendes te midde van onverkwiklike debatte. Dit bied geldige en grondige kritiek wat die aandag van estetici verdien.

*J.H. Smit*

**Die navolging van Christus vandag;** 'n keur van IBC-studiestukke, Deel I, Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO, Potchefstroom, 1982.

Hierdie eerste deel van 'n beoogde reeks publikasies bevat 'n keur van IBC-studiestukke wat tussen die jare 1966 en 1981 verskyn het. Hoewel sommige van die bydraes dus al "baard gekry het", bly hulle verbasend aktueel en byderwets, net soos 'n baard onder die mansgeslag nou byderwets is. Hierdie aktualiteit hoef 'n mens ook nie te verbaas nie, want die Calvinisme is nie tyd- of modegebonde nie, hoewel die klem soms mag verskuif om aan te pas by of te antwoord op die geestestrominge van 'n besondere tydsgewrig. In hierdie verband moet verwag word dat die belangstelling hedendaags toegespits sal wees op die rassesituasie in ons land en die humanisme wat dwarsoor die wêreld hoogty vier. Dis noodsaaklik dat Calviniste onder hierdie omstandighede opnuut standpunt inneem en hulle stem laat hoor om leiding te gee waar soveel verwarring heers. Die beheerraad van die IRS moet daarom gelukgewens word met die besluit om hierdie versamelwerk die lig te laat sien.

In sy voorwoord tot die bundel trek dr. S.C.W. Duvenage, die eerste Direkteur van die IBC (1966 tot 1974), enkele riglyne vir die navolging van Christus vandag. Dit kom natuurlik uit die Woord van God, die " ... spieël waarin ons die aangesig van God aanskou". Dit vereis gehoorsaamheid aan die gesagryke Woord, wat ons leer dat Christus" ... die ewige Lewende is, die Hoof van sy kerk en Koning oor alle dinge, wat deur sy Gees en Woord die altyd Teenwoordige is". Daarom geld hierdie beginsels op alle lewensterreine, soos tewens in die werk ter sprake kom.

Na 'n inleidende studiestuk oor die Skriftuurlike grondslae van die navolging van Christus, 'n historiese oorsig van die beskouings van bekende figure uit die Kerkgeskiedenis en 'n beginselfundering van die onderwerp word dit dan in 28 studiestukke bespreek, ingedeel onder die volgende vyf hoofde:

A. Die Calvinisme — die enigste aanvaarbare -isme.
B. Die huwelik en gesinslewe — hartaar van 'n volk.
C. Weerbaar vir my land.
D. Onder aanslag van vreemde ideologieë.
E. Ons daaglikse werk 'n roeping.

Sonder om die name van al die medewerkers hier te noem is dit onweerlegbaar dat elkeen 'n gesaghebbende is op die gebied waaroor hy skryf. Of 'n mens met almal gaan saamstem oor alles wat hulle sê, is eintlik

nie ter sake nie: hoofsaak is dat die bundel vir studie sowel as inligting bedoel is. Geen enkele een van die studiestukke gaan die ernstige leser se gewete met rus laat nie. Daarom word die bundel baie sterk aanbeveel by almal wat wil nadink oor die gees van ons tyd en die Christengelowige se standpunt en reaksie daarteenoor. Wil jy beter weet wat die Calvinisme is, die gesin en die plek van die vrou daarin, permissiwiteit, egskeiding, weerbaarheid en diensplig, die belangrikste ideolodieë waarmee ons en ons kinders gekonfronteer word, arbeid en ons roeping daarteenoor — dit alles is daar, en nog meer: genoeg vir die gewone man en 'n grondige inleiding van die vakman wat dieper wil delf. Deskundiges uit al drie die Afrikaanse kerke is hier aan die woord, en die woord is gerig aan die teoloog, sosioloog, politikus ens., net sowel as aan die gewone kerklidmaat, vaderlander, gesinshoof en sy gade, die onderwyser; kortom, die leier in die samelewing en almal tot wie hy hom wend. Die boodskap van die Calvinisme is daar vir 'n ieder en 'n elk.

Die bundel is netjies gebind in sagteband en so netjies gedruk en keurig versorg dat die enkele drukfoute nie hinder nie. Die prys is R9,00 per eksemplaar.

*J. van der Walt*

**Kempff, D. 1982. Bevestig en bestry 1806-1900.** Potchefstroom, PU vir CHO (reeks F, Instituut vir Reformatoriese Studie). 54 p. Prys: R3,00.

*Bevestig en bestry* is die negende deel in die IRS se reeks oor die inslag van die Calvinisme in Suid-Afrika en volg op 'n vorige boek van dr. Kempff, nl. *Gewortel en gegroei,* waarin die inslag van die Calvinisme van 1652 tot 1806 behandel word. Dit is jammer dat daar nie in die werkie meer inligting gegee word oor die aard van die reeks (veral vir diegene wat nie die ander dele onder oë gehad het nie) en die oogmerke wat daarmee nagestreef word nie. In die reeks is sowel bibliografieë as studies oor besondere onderwerpe en kort oorsigwerke opgeneem.

In die onderhawige boek word die Calvinisme in Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu baie kursories aan die hand van 'n beperkte aantal gepubliseerde werke behandel. Dit bevat dan ook nie soseer nuwe inligting en eintlik ook nie 'n nuwe interpretasie nie maar wel 'n duidelike geheelbeeld en perspektief wat nie in ander werke te vinde is nie. Kempff konsentreer op 'n aantal kernsake, naamlik die Groot Trek, die stigting van die Gereformeerde Kerk, die Genootskap van Regte Afrikaners, die onderwys in die republieke en kolonies en die Afrikaner se beskouings oor rasse- en volkeverhoudings. Die vernaamste aspekte word hiermee aangeraak, hoewel belangrike onderwerpe soos die Calvinisme en die negentiende-eeuse NG Kerk darem net baie sydelings aan die orde kom.

Kempff rangskik sy stof puntsgewys, en elke hoofstuk vorm 'n kort kernagtige oorsig. Hy gee 'n helder en duidelike beeld, hoewel sy stellings soms 'n bietjie aanvegbaar is en uitgebreider motivering vereis as wat hy verskaf. Vergelyk byvoorbeeld p. 1 en 2, waar die ontwikkeling van die Calvinisme in Groot-Brittanje bespreek word. Ook oor die Boere se vereenselwiging met die Ou-Testamentiese Israel en die verbinding tussen die Christelike en die nasionale elemente in hulle opvattinge sou 'n mens graag 'n uitgebreider behandeling wou gehad het.

As 'n oorsigtelike bespreking van die negentiende-eeuse Calvinisme in Suid-Afrika van 'n Calvinistiese oogpunt — maar daarmee tog nie 'n onkritiese behandeling nie — bied *Bevestig en bestry* 'n teenwig teen eensydige voorstellings in ander werke oor die Afrikaner en is dit 'n welkome toevoeging tot die betreklik karige literatuur oor die Suid-Afrikaanse kultuur- en geestesgeskiedenis.

*P. de Klerk*